Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

AUGUSTUS 2013

Posbus 20
Hermanus 7200

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

# Bulletin

*Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand*

### BORGSKAPPE VIR FEESTE EN GELEENTHEDE

## FEESTE BRING BESIGHEID

Altesame R617 500 is in die 2013/14 Finansiële Jaar deur die Munisipaliteit Overstrand vir die borgskap van feeste en geleenthede beskikbaar gestel.

Instansies is by wyse van koerantadvertensies genooi om voorleggings vir borgskappe in te dien.

Onder die kriteria wat vir die beoordeling van die aansoeke gebruik is, was die toerisme-impak, publisiteit wat gegenereer word, seisoenaliteit, gemeenskapsimpak, ekonomiese impak, die potensiaal van die geleentheid en organiseringsvermoë.

Altesame vyftien feeste het die paal gehaal en einde Junie is daar aan die Raad kennis gegee wie suksesvol was. Meer besonderhede verskyn in die tabel hiernaas.

Ooreenkomste sal deur die Munisipale Bestuurder met die verteenwoordigers van die onderskeie reëlingskomitees gesluit word om verantwoordbaarheid te verseker ingevolge artikel 67 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003).

| Naam | Toekenning in 2013/14 (R) | Dorp waar fees plaasvind | Maand waarin ees plaasvind |
|---|---|---|---|
| Kalfiefees | 110 000 | Hermanus, Onrus, Sandbaai | Augustus |
| Gansbaaifees | 50 000 | Gansbaai | Augustus/September |
| Pringlebaai Windgatfees | 15 000 | Pringlebaai | September |
| Blomme en Ekofees | 5 500 | Hermanus | September |
| Hermanus Walvisfees | 150 000 | Hermanus | September |
| Hot Heels Africa | 15 000 | Kogelberg-natuurreservaat | November |
| Umqwashu Kuns- en Kultuurfees | 30 000 | Zwelihle en Mount Pleasant | November |
| Hawston Seefees | 25 000 | Hawston | Desember |
| Big Blues Musiekfees | 115 000 | Kleinmond | Maart |
| Wheels and Runners | 15 000 | Hermanus | Maart |
| HAWK (Hangklip-kunsfees) | 10 000 | Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels | Einde Maart |
| Hermanus FynArts | 30 000 | Hermanus en omgewing | Junie |
| Stanfordfees | 47 000 | Stanford | Einde Junie |
| TOTAAL | 617 500 | | |

## SWALLOW-PARK HERLEEF

Die ingebruikneming van 'n unieke sonwyser in Hermanus se Swallow-park op 11 Julie kenmerk 'n omvattende poging om dié historiese plek in die hart van Hermanus se sakekern te laat herleef en nuwe dinamika te gee.

Die dubbele sonwyser met 'n noord- en suid-invalshoek is volledig met plaaslike kundigheid, vaardighede en materiaal deur lede van die Hermanus Astronomiesentrum ontwerp en opgerig.

Die doel van die park se opknappingskuur is om ruimte te skep vir gemeenskapsaktiwiteite en opvoeding, wat onder meer uitstallings, teater en uitvoerings in die buitelug insluit, veral as dit die geskiedenis van die gebied uitbeeld.

Vir besoekers kan dit 'n welkome rusplek wees wanneer hulle die kuspad stap of inkopies en besigtiging in die Hermanus-sakegebied doen.



*Gedeelde tegnologie-plesier: Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Steve Kleyn, wat die sonwyser in Swallow-park grootliks ontwerp en vervaardig het.*

By dié geleentheid het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gesê 'n bedrag van R150 000 is in die vorige boekjaar deur Wyk 3 beskikbaar gestel vir die opgradering van die besproeiingstelsel, die ontwikkeling van nuwe tuingedeeltes, die konstruksie van lae muurtjies en die plaveiding van die ingang en paadjies.

Vanjaar gaan daar ligte en vullishouers aangebring word, asook 'n geskiedenisinligtingsbord wat verbygangers op die hoogte sal bring oor wie Juffrou Swallow Neethling was en hoe die park ontwikkel het tot 'n gemeenskapskleinood in die vroeë dae van Hermanus.

In haar dankbetuiging het die Burgemeester gesê Juffrou Neethling, een van die eerste onderwysers van Hermanus, sou dié inisiatief verwelkom het omdat dit belangstelling in wetenskap en tegnologie onder die jeug sal aanwakker.

## PLAN AANVAAR VIR KARWYDERSKRAAL

Einde Junie het die Raad sy goedkeuring gegee vir die sluiting van 'n ooreenkoms met die Overbergse Distriksmunisipaliteit en die Munisipaliteit Theewaterskloof wat hopelik die hergebruik van die Karwyderskraal-streekstortingsterrein moontlik sal maak.

Die terrein is tans gesluit omdat die Distriksmunisipaliteit nie befondsing teen gunstige koerse kon verkry om die konstruksie van 'n nuwe sel vir die berging van vaste afval op die terrein te finansier nie.

Die sluiting van die ooreenkoms sal die Distriksmunisipaliteit in 'n beter onderhandelingsposisie plaas om meer gunstige terme en voorwaardes te beding. Indien dit egter nie voor einde Oktober bewerkstellig word nie, sal die ooreenkoms outomaties verval.

Indien 'n lening verkry word, sal daar 'n openbare deelname proses gevolg moet word om 'n diensleweringsooreenkoms vir 'n tydperk van langer as drie jaar met 'n diensverskaffer te beding. Indien ook dit nie suksesvol afgehandel word nie, sal die ooreenkoms verval.

Indien alles sonder slag of stoot afgehandel word, behoort die streekstortingsterrein op Karwyderskraal weer teen bekostigbare tariewe op 1 Julie 2014 in bedryf te wees.

# MUNISIPALE REKENING UITEENGESIT

Dié nuusbrief vergesel u eerste munisipale rekening wat op die belastingkoerse en tariewe van die 2013/14 Finansiële Jaar geskoei is. Met behulp van onderstaande tabelle word aangetoon hoe die verskillende tariefverhogings en kortings u rekening mag raak. Hopelik sal dit moontlik wees om die lyn na u eie situasie deur te trek, maar as daar wel onduidelikheid voorkom, kan u gerus met ons kliëntediensbeamptes in een van die verskeie betaalsale in ons gebied kontak maak om sake op te helder. Al die voorbeelde sluit BTW van 14% in.

| EIENDOMSBELASTING 1 JULIE 2013 TO 30 JUNIE 2014 | ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM MET: | | |
|---|---|---|---|
| | Grondwaarde van R560 000 | Grondwaarde van R3 000 | Grondwaarde van R7 000 |
| | Waarde van verbeterings R720 000 | Waarde van verbeterings R17 000 | Waarde van verbeterings R43 000 |
| | Eiendomswaarde R1 280 000 | Eiendomswaarde R20 000 | Eiendomswaarde R50 000 |
| Basiese eiendomsbelasting/ maand = eiendomswaarde x 0.0036 ÷ 12 (R) | 384.00 | 6.00 | 15.00 |
| Minus Residensiële korting: 15 000 x 0.0036 ÷12 | 4.50 | 4.50 | 4.50 |
| Korting op verbeterings: 35 000 x 0.0036 ÷12 | 10.50 | 1.50 | 10.50 |
| 20% Korting op verbeterings | 73.80 | | |
| Plus HPP-heffing indien van toepassing | 29.52 | | |
| **TOTAAL** | **324.72** | **0.00** | **0.00** |

| EIENDOMSBELASTING 1 JULIE 2013 TO 30 JUNIE 2014 | ONONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM MET: | | |
|---|---|---|---|
| | Grondwaarde van R560 000 | Grondwaarde van R60 000 | Grondwaarde van R7 000 |
| | Geen verbeteringswaarde | Geen verbeteringswaarde | Geen verbeteringswaarde |
| | Eiendomswaarde R560 000 | Eiendomswaarde R60 000 | Eiendomswaarde R7 000 |
| Basiese eiendomsbelasting/ maand = eiendomswaarde x 0.0566 ÷ 12 (R) | 264.13 | 28.30 | 3.30 |
| | | | |
| Plus HPP-heffing indien van toepassing | 24.41 | 2.83 | 0.33 |
| **TOTAAL** | **290.54** | **31.13** | **3.63** |

**Municipaliteit • U-Masipala • Municipality OVERSTRAND**

**STAAT**


VIR ALLE REKENING NAVRAE KONTAK ASB. DIE ADMIN NAASTE AAN U.
DEBITEUR BTW REG. NR.

Mnr X XXX
Walvisstraat 38
Kleinmond

| | | | |
|---|---|---|---|
| RDL: | P Appelgrein | ERF Nr: | 123 |
| DEP: ELEKT: | -264 | VOORSTAD: | KKM |
| DEP: WATER: | -110 | | |
| DEP: ANDER: | 0 | | |

REKENINGNOMMER: 201234567890 BELASTINGFAKTUUR: 3312345

WATER VERBRUIK GRAFIEK




METERLESINGS

| DIENS | METER Nr. | PERIODE | VORIGE | HUIDIGE | VERBRUIK | DAG GEMID. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| E | 060570 | 06/0908/10 | 34911 | 34911 | 0 | 0 |
| W | 000914 | 06/0908/10 | 2432 | 2461 | 29 | 0.906 |

TRANSAKSIEBESONDERHEDE

| BESKRYWING | | VERBRUIK | BEDRAG | BTW | BEDRAG BTW IN. |
|---|---|---|---|---|---|
| SALDO OORGEDRA | | | | | 816.76 |
| BETALINGS - DANKIE | | | | | 1309.81 |
| BANK: ADPAY MAANDLIKSE - 20/07/2013 REF/VERW: 0000005697 | | | | | 1309.81 |
| RATES | | 1 | 325,12 | 0 | 325,12 |
| ELECT/ELEK | INFRASTR | 1 | 16,65 | 2,33 | 18,98 |
| ELECT/ELEK | BASIC/BASIES | 1 | 192,98 | 27,02 | 220,00 |
| WATER | INFRASTR | 1 | 15,45 | 2,16 | 17,61 |
| WATER | BASIC/BASIES | 1 | 96,49 | 13,51 | 110,00 |
| WATER | 0 - 6KL | 6 | 18,42 | 2,58 | 21,00 |
| WATER | 7 - 18KL | 12 | 97,32 | 13,62 | 110,94 |
| WATER | 19-30KL | 11 | 144,76 | 20,27 | 165,03 |
| REFUSE/VULLIS | MONTH/MAAND | 1 | 122,81 | 17,19 | 140,00 |
| SEWER/RIOOL | INFRASTR | 1 | 9,60 | 1,34 | 10,94 |
| SEWER/RIOOL | MONTH/MAAND | 1 | 85,97 | 12,04 | 98,01 |
| SEWER/RIOOL | USAGE/VERBRUIK | 20,3 | 195,90 | 27,43 | 223,32 |
| SUBTOTAL | | | | | 1 499,62 |
| **TOTAL** | | | | | **1 499,60** |

Printed & Mailed by CAB Holdings (021) 534-0770

| KREDIET | 90 DAE + | 90 DAE | 60 DAE | 30 DAE | LOPEND |
|---|---|---|---|---|---|
| 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 1 499,62 |
| | | | TOTALE BEDRAG VERSKULDIG | | 1 499,60 |
| | | | BETAALBAAR VOOR OF OP | | 20/08/2013 |

## VULLISVERWYDERING: 1 JULIE 2013 - 30 JUNIE 2014

| ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM MET: | |
|---|---|
| Een verwydering per week (R) | 140.00 |

## ELEKTRISITEIT: 1 JULIE 2013 - 30 JUNIE 2014

| KATEGORIE | GEBRUIK | PRYS PER EENHEID | KOSTE (R) | BASIESE HEFFING (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|---|---|
| Infrastruktuur | | | 18.98 | | 18.98 |
| Hulpbehoewende | 300kWh | 0.934 per eenheid | 280.20 | 220.00 | 500.20 |
| Enkel fase | 350kWh | 1.011 per eenheid | 353.85 | 220.00 | 573.85 |
| tot op 60amp: | 600kWh | 350@1.011 per eenheid | 353.85 | 220.00 | |
| Tweevoudige tarief | | 250@1.3698 per eenheid | 342.45 | - | 916.30 |
| | 1300kWh | 350@1.011 per eenheid | 353.85 | 220.00 | |
| | | 250@1.3698 per eenheid | 342.45 | - | |
| | | 700@1.651 per eenheid | 1155.70 | - | 2072.00 |
| Lewenslyn tarief slegs vir voorafbetaalde meters | Slegs 350kWh | 0.934 per eenheid | 326.90 | 0 | 326.90 |

## WATER: 1 JULIE 2013 - 30 JUNIE 2014

| HUISHOUDINGS: TARIEFSTRUKTUUR | GEBRUIK VAN 8 KL/MAANDE | GEBRUIK VAN 20 KL/MAANDE | GEBRUIK VAN 50 KL/MAANDE | GEBRUIK VAN 70 KL/MAANDE |
|---|---|---|---|---|
| Infrastruktuurheffing (R) | 17.61 | 17.61 | 17.61 | 17.61 |
| Basiese fooi RUE (R) | 110.00 | 110.00 | 110.00 | 110.00 |
| Verbruik (R): | | | | |
| 0 - 6kl @3.50/kl | 6kl = 21.00 | 6kl = 21.00 | 6kl = 21.00 | 6kl = 21.00 |
| 7 - 18kl @ 9.25/kl | 2kl = 18.50 | 12kl = 111.00 | 12kl = 111.00 | 12kl = 111.00 |
| 19 - 30kl @ 15.00/kl | | 2kl = 30.00 | 12kl = 180.00 | 12kl = 180.00 |
| 31 - 45kl@ 23.10/kl | | | 15kl = 346.50 | 15kl = 346.50 |
| 46 - 60kl @ 30.00/kl | | | 5kl = 150.00 | 15kl = 450.00 |
| > 60 kl @ 40.00/kl | | | | 10kl = 400.00 |
| TOTAAL (R) | 167.11 | 289.61 | 936.11 | 1636.11 |

## RIOLERING: 1 JULIE 2013 - 30 JUNIE 2014

| HEFFINGS | ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM MET WATERGEBRUIK VAN | | | ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM MET SEPTIESE TENK | ONONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM WAT AAN RIOLERING KAN KOPPEL | ONONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIËLE EIENDOM WAT NIE AAN RIOLERING KAN KOPPEL NIE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 50kl | 25kl | 15kl | | | |
| Basies (R) | 98.00 | 98.00 | 98.00 | 66.00 | 149.00 | 66.00 |
| Infrastruktuur (R) | 10.94 | 10.94 | 10.94 | 10.94 | 10.94 | 10.94 |
| Watergebruik (70% x R11.00) | 385.00 | 192.50 | 115.50 | | | |
| TOTAAL (R) | 493.94 | 301.44 | 224.44 | Tenkerdiens uitgesluit 76.94 | 159.94 | 76.94 |
| Tenkerdiens | Ingesluit vir huishoudings met houertenks, maar nie vir uitroepe na 15:00 op 'n weeksdag nie wat dan teen R902.00 per diens gehef sal word | | | R451.00 per diens of R902.00 as die diens na 15:00 op 'n weeksdag aangevra word. | Nie van toepassing | Nie van toepassing |